**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 2**

**NOVEMBER 2021**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 35**

**TYD: 1 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING.

1. Hierdie vraestel bestaan uit EEN afdeling.

   Roman: Lien se lankstaanskoene 35 punte

   Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.


2. Lees die instruksies baie goed.

3. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.
   Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Haluman, of Ramdhani.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

**Lien se lankstaanskoene.**




**Teks A**

Lees die volgende uittreksel uit die roman, Lien se lankstaanskoene en beantwoord dan die vrae wat volg.

> ***Die dogtertjie trap water in die middel van die swembad. Met een arm klou sy aan 'n geel opblaaseendjie, met die ander beduie sy wild. Sy praat met iemand buite die beeld. Haar nat hare klou aan haar voorkop. Die video het geen klank nie. Die kameraman is duidelik 'n amateur. Die beeld kantel na links, dan regs, zoem rukkerig in op die dogtertjie se gesig. Die dogtertjie se mond beweeg aanmekaar. Dit lyk asof sy opgewonde iets vir iemand buite die beeld vertel. Sy is haasbek.***
> ***Die kamera beweeg na links waar 'n seuntjie op die rand van die swembad agter twee hondjies aan hardloop. Hy het 'n rooi swembroekie aan. Sy swart krulhare is deurmekaar en met sy twee stewige beentjies stamp hy kwaai op die grasperk. Dis 'n swart hondjie en 'n wit hondjie, albei so twee bakstene hoog. Hulle hardloop voor die seuntjie uit, maar gaan kort-kort staan en draai om. Hulle stertjies waai en hulle blaf opgewonde maar geluidloos.***
> ***Die seuntjie verloor belangstelling in die hondjies. Hy stap tot op die rand van die swembad. Die kamera volg hom rukkerig.***

1.1. Die uittreksel hierbo is skuinsgedruk omdat:

A. dit uit die voorspel kom.
B. dit in die verlede gebeur het.
C. dit Braam is wat video kyk.
D. dit Braam se woorde is. (1)

1.2. Gee die naam en van, van die dogtertjie in die swembad. (1)

1.3. Wie is die kameraman wat hierdie video afneem? Gee die naam en van. (1)

1.4. Verduidelik die verskil in die atmosfeer in die video in vergelyking met die atmosfeer in die gesin se woonstel. (1)

1.5. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies om die sin korrek te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.

Die persoon kyk na ou video's van die gesin omdat dit hom (hartseer maak/ troos). (1)

1.6. Wat doen Lien gewoonlik as sy hartseer of ongelukkig voel oor hulle huislike omstandighede? Wees spesifiek. (1)

1.7. Noem twee dinge wat Lien se ma doen om van hulle moeilike situasie te ontsnap? (2)

1.8. Hoe identifiseer die persoon wat ou gesinsvideo's kyk, sy gunsteling video? (1)

1.9. Wanneer is Lien se ma geel en gelukkig? (1)

(10)

**Teks B**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Wouter wag reeds by die telefoonhokkie toe Lien net ná sewe-uur by die woonstelblok uitgestap kom.
>
> "Wat 'n lieflike dag! Kom ons donner hom op! Groet hy, soos gewoonlik in 'n pyn van 'n goeie bui. Wouter se *chirpiness* so vroeg in die oggend is genoeg om haar terug bed toe te dryf.
> Sy groet en stap by hom verby.
> "Dis vandag ek en tant Malie," sug sy terwyl hulle die straat kruis. "Ek weet nie eens hoe die vrou lyk nie en ek het nog nooit my voete in haar simple *coffee shop* gesit nie, maar sy irriteer my klaar."

1.10. Wouter is Lien se beste, eintlik, enigste vriend by haar nuwe skool. Verduidelik wat hulle in gemeen (in common) het. Noem 2 feite. (2)

1.11. Hoekom, dink jy, was dit vir Lien moeilik om ander vriende by Jakaranda te maak? (1)

1.12. Verskaf die naam van die koffiewinkel waar Lien gaan werk. (1)

1.13. Daar is twee redes waarom Lien werk nodig het. Noem hulle. (2)

1.14. Waar kruip Lien soggens weg wanneer Wouter sy krieketvergaderings het? (1)
1.15. Lien kyk na oorsese tydskrifte en gebruik die internet. Sy is besig om 'n lysie op te stel.

1.15.1. Wat is die lysie? (1)
1.15.2. Noem 2 plekke op haar lysie. (2)

1.16. Watter persoon is nie in Lien se Lewensoriëntering groepie nie?
Kies die naam en skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

A. Sally
B. Christiaan
C. Hein
D. Miemie (1)

1.17. Watter beroep het Lien en haar groepie gekies om na te vors (research)? (1)

1.18. Pas die onderwyser se naam in KOLOM A by die by die vak wat hulle onderrig in KOLOM B.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.18.1 | Meneer Bruwer | A | Registrasie onderwyser |
| 1.18.2 | Juffrou Breytenbach | B | Engelse onderwyser |
| 1.18.3 | Meneer MacMillan | C | Lewensoriëntering onderwyser |
| | | D | Afrikaanse onderwyser |

(3)

(15)

**Teks C**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Tannie Bets sê sy wil gou by Pick n Pay stop om ‘n paar goedjies te koop. Lien bly in die Golfie sit en luister na die *country-en-western* CD wat tannie Bets in die CD-speler gesit het. Iemand sing ‘n *corny* liedjie oor verlore liefde en dis die rede waarom hy “whiskey by the bottle” drink. Kan grootmense dan nie hulle dinge *face* nie, wonder Lien vererg. Sy sit summier die tranerige CD af.
>
> By die ingang van die sentrum staan ‘n vrou met ‘n plakkaat en bedel. Dis te ver om te sien wat op die plakkaat staan. Lien hou haar dop. Die mense stop nou en dan iets in haar hand, dan glimlag sy dankbaar. Lien wonder hoeveel maak die vrou op ‘n dag en of sy nie skaam is om te bedel nie.
>
> Tannie Bets kom terug met stapels Pick n Pay-sakkies. Sy sit die sakkies op die agterste sitplek neer. “Moes so ‘n paar goedjies koop. Die yskas is dolleeg,” sê sy verleë.
>
> Lien dink aan tannie Bets se oorvol yskas waarin daar gewoonlik nie plek vir ‘n muis is nie. Sy ruik gebraaide hoender. Sy twyfel of die fyne Mara van Weigh-Less, voorheen ‘n groter vrou, baie beïndruk sou gewees het.
>
> *Drie afhanklikes. Werkloos. Enige donasie asb!!! Die Here seën u,* staan op die vrou se plakkaat, sien Lien toe hulle by haar verbyry.

1.19.1. Wie is tannie Bets? (1)

1.19.2. Noem 2 dinge wat tannie Bets doen om Lien en haar gesin te help. (1)

1.20. “Kan grootmense dan nie hulle dinge *face* nie, wonder Lien vererg.”

1.20.1. Wat is die grootmens wat die liedjie sing se verskoning om te drink? (1)

1.20.2. Aan watter ander grootmens laat die woorde van die liedjie Lien dalk dink? (1)

1.21. Haal ‘n sin aan wat vir ons aandui dat die persoon in beheer van die Weigh-less klub nie die aandete sou goedkeur nie. (1)

1.22. Wat noem ons iemand wat op ‘n straathoek staan en vir geld vra? (1)

1.23.1. Hoeveel geld het Lien per uur gekry toe sy by die koffiewinkel gewerk het? Wees spesifiek. (1)

1.23.2. Hoekom was die werk by die haarsalon net tydelik? (1)

1.24. Noem een ding wat Lien vir Braam gedoen het, wat eintlik haar ma se verantwoordelikheid was. (1)

1.25. Lees die volgende stelling.

Lien het 'n goeie hart en dink gewoonlik eerste aan ander mense.

Gebruik jou kennis van die storie en MOTIVEER deur te verwys na wat Lien met haar "free sit" gedoen het. (1)

(10)

**GROOTTOTAAL:35**